# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

31/2026 (Skippertjie nr. 81) 18 September 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**


UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skool sluit op 23 September
2. Rapporte en oueraand
3. Entrepreneursdag
4. Robotika
5. Krieket
6. Gholfdag
7. Begrotingsvergadering
8. Damesoggend
9. Swem
10. Buite aktiwiteite
11. Personeelverjaardae
12. Skoolfonds vir 2026


> **"Alone we can do so little; together we can do so much"**
> Hellen Keller

**Afrikaanse idioom van die week**

**Jou hart op jou mou dra**

*Jy wys maklik jou gevoelens.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Die einde van nog 'n besige en betekenisvolle kwartaal het aangebreek en ons kyk met dankbaarheid terug op alles wat ons saam vermag het. Die afgelope paar maande was gevul met leer, groei, uitdagings, prestasies en baie spesiale oomblikke wat ons skoolgemeenskap nog sterker verbind het. Aan elke leerder: baie geluk met julle harde werk en deursettingsvermoë. Of julle nou akademies, op die sportveld, op die verhoog, of in die klaskamer uitgeblink het, elke poging en elke tree vorentoe maak ons trots. Onthou dat sukses nie net in medaljes en punte gemeet word nie, maar ook in vriendelikheid, respek, harde werk en die bereidwilligheid om tot die einde te volhard. Ons wil ook ons toegewyde personeel bedank vir hul energie, geduld en liefdevolle begeleiding. Julle skep elke dag geleenthede waarin leerders veilig voel om vrae te vra, nuwe dinge te probeer en hul talente te ontdek. Aan ons ouers en voogde: dankie vir julle voortdurende ondersteuning, aanmoediging en betrokkenheid. 'n Sterk vennootskap tussen die huis en die skool vorm die grondslag van ons kinders se ontwikkeling. Dankie ook aan ons beheerliggaam, vrywilligers en ondersteuners wat op talle maniere help om die skoollewe verrykend, veilig en moontlik vir almal te maak. Mag die vakansie vir elke Park-leerder en -gesin 'n tyd van rus en kwaliteit saamwees wees. Gebruik die geleentheid om batterye te herlaai en behoorlik uit te rus. Kom asseblief veilig terug, gereed vir 'n nuwe kwartaal vol moontlikhede. Ons is trots op ons skool, trots op ons leerders en opgewonde oor dit wat voorlê. Saam groei ons, saam leer ons en saam maak ons elke dag 'n verskil. Mooi loop.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Skool sluit Woensdag, 23 September om 10:30**

Die skool sluit Woensdag, 23 September om 10:30 vir die vakansie. Die skool open weer na afloop van die vakansie op Dinsdag, 6 Oktober om 07:30 vir alle leerders. Dit is baie belangrik dat leerders tot aan die einde van die kwartaal skool sal bywoon, aangesien die vraestelle en ander belangrike werk behandel en afgehandel word. Baie dankie vir u samewerking.

**2. Rapporte en oueraand**

**Alle leerders ontvang hul rapporte vir die derde kwartaal op Dinsdag, 22 September. Die oueraand vind ook op dieselfde dag vanaf 17:00 – 18:30 plaas.** U is welkom om die personeel te kom besoek in verband met u kind se akademiese vordering, indien u dit nodig ag. In sekere gevalle, waar daar groot akademiese- of ander uitvalle is, sal ouers versoek word om met die personeel kontak te maak.

**3. Entrepreneursdag**

Hierdie kwartaal se entrepreneursdag vind op Dinsdag, 22 September plaas. Hierdie kwartaal is dit graad 1 en 6 se beurt. Leerders kan 'n geldjie saambring indien hulle iets wil koop en hul maats ondersteun.

# Kontak ons:
Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 21 Sep: Sportfoto's
Begrotingsvergadering
Di, 22 Sep: Saalafsluiting
Entrepreneursdag
Rapporte
Oueraand
Wo, 23 Sep: Skool sluit 10:30




## BANKBESONDERHEDE
Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Robotika**
Vier van ons Grondslagfase leerders het aan die EdenX Hackathon teen 18 ander skole meegeding en 'n eerste plek behaal in die Unplugged kodering-afdeling. Baie geluk aan die Robo Rockets – Mila Bosman, Alita Steenkamp, Luke Hermanus en Henno Robertson met die mooi prestasie.

**5. Krieket**
Die volgende seuns is gekies om aan die SWD-proewe deel te neem:
- Avaro Potgieter
- Juvan Delport
- Daniël Harmse

100% Parkies

Baie sterkte met die verdere proewe.

**6. Gholfdag**
Die jaarlikse gholfdag vind op Vrydag, 13 November plaas. Enige persoon of instansie wat belang sou stel om betrokke te raak as speler, borg of donateur kan vir Ewoud of Charlene Lotz kontak. (*Sien die advertensie onderaan)*

**7. Begrotingsvergadering**
Die jaarlikse begrotingsvergadering vind op Maandag, 21 September 2026 om 14:00 – 14:30 in die skoolsaal plaas. Die kennisgewing en opsomming van die begroting is reeds via D6 uitgestuur.

**8. Damesoggend**
Alle dames word uitgenooi om hierdie spesiale geleentheid by te woon. Dit vind op Saterdag, 31 Oktober te *Salt & Copper* plaas met gassprekers, Hanna en Dirk van der Westhuizen, verlede jaar se wenners van *Kokkedoor Son en See*. *(Advertensie onder)*

**9. Swem**
Uitslae van die Eden-kortbadkampioenskappe te Knysna:
- Jacques Rentzke: Drie 1ste, twee 2de, een 3de, twee 4de, een 5de en 'n 6de plek
- Liam Rentzke: Twee 1ste, drie 2de, twee 3de, een 4de en 'n 5de plek
- Eckhardt Rentzke: Drie 1ste, een 3de en drie 3de plekke

**10. Buite aktiwiteite**
**Sportskiet:** Uitslae van die SA Jagter Junior Streekskietkompetisie:
- Dian Nel: 4 goud
- Ané Nel: 2 goud en 1 silwer
- Mia Nel: 1 goud

Al drie ontvang SAJWV Sportskietkleure en kwalifiseer vir die nasionale junior kampioenskappe. Baie geluk!
**Redenaars:** Baie geluk aan Inge Suhr wat aangewys is as nasionale wenner vir tweetalige redenaars by die Con Spirito kompetisie. Mooi so!

**11. Personeelverjaardae**
Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:
- 22 September: Monja le Roux
- 25 September: Marie du Plessis
- 27 September: Suné Viljoen

**12. Skoolfonds vir 2026**
**Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is.** Skoolfonds vir 2026 is as volg:
- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# 2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

**JANUARY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**FEBRUARY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | | | | | | |

**MARCH 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

**APRIL 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

**MAY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**JUNE 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**JULY 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**AUGUST 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**SEPTEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**OCTOBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**NOVEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**DECEMBER 2027**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

| Public and School Holidays 2027 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 22 March | Public holiday |
| 26 March | Good Friday |
| 29 March | Family Day |
| 26 April | Special School Holiday |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |
| 27 December | Public holiday |

- Weekends
- School days
- Special school holidays
- Days for administration
- Public holidays
- School holidays

# SUMMARY OF 2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

| Term | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (11)13 January – 19 March | 10 | 48(50) | 0 | 48(50) |
| 2 | 06 April – 25 June | 12 | 59 | 2+1 | 56 |
| 3 | 20 July – 22 September | 10 | 47 | 1 | 46 |
| 4 | 05 October – 08(10) December | 10 | 47(49) | 0 | 47(49) |
| **Total** | | **42** | **201(205)** | **3+1** | **197(201)** |

KOKKEDOOR SON & SEE

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

HPF 1855

Hermanuspietersfontein

# Damesoggend

**DATUM:**
31 OKTOBER 2026

**PLEK:**
SALT AND COPPER

**TYD:**
10H – 13H

**PRYS:**
R390

**DRAG:**
SEMI-FORMEEL




## Hanna en Dirk

VAN DER WESTHUIZEN, MA EN SEUN,

KOKKEDOOR SON EN SEE
WENNERS 2026

R390

# Laerskool PARK GHOLFDAG

**13 NOVEMBER 2026**

**Mosselbaai gholfklub**

R4000 PER 4 BAL

Sluit in: Gholf, Karretjie, Geskenk, Halfweg Ete, Prysuitdeling & Veiling

**BETTER BALL - SCRAMBLE DRIVE**
**SHOTGUN START 11:30**



EWOUD - 072 270 2927
CHARLENE - 071 457 3220


Die Skipper
Laerskool Park se jaarblad
ANNO
1986
vier sy
40 ste
Verjaarsdag!
Moenie hierdie spesiale uitgawe misloop nie!
PARK
VOLHARD - PERSEVERE
Die Skipper
LAERSKOOL PARK
2026
R130
ELK
Bestel teen
10 Oktober
op d6.

EST • '97

# HEIDERAND

# Hardware & Elektries

*Ons bied:*

## SLEUTEL SNY DIENS

---

*Vinnig & Akuraat terwyl jy wag!*

28 Melkhoutstraat,
Heiderand.

078 952 4439

heiderand.hardware@gmail.com

Volg ons op Facebook
Heiderand Hardware & Elektries




**VRIENDELIKE DIENS.**
**BESTE PRYS EN KWALITEIT**

**DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING!**

NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

# Jou kind & MIOPIE

## Hoe weet ek my kind is miopies?

**JONGER KINDERS *AANVAAR* HUL VISIE IS "NORMAAL," EN KLA NIE NOODWENDIG AAN DIE BEGIN NIE**

**KYK UIT VIR:**



- Klagtes dat hulle sukkel om op die bord of om vêr te sien
- Trek oë **skrefies**
- Skoolwerk neem af, skryf af by maatjie
- Skryf **verkeerd,** of nie **vinnig genoeg,** van die bord af nie
- Hou leeswerk baie naby
- Sit **naby** aan die TV

**ONSEKER OOR JOU KIND SE VISIE?**

**SKAKEL ONS GERUS:**

044 695 1688 066 562 6754 19 Ryk Tulbach str, Da Nova

**VOLKSWAGEN MOSSELBAAI**

**RY 'N VOLKSWAGEN.**
*Belé in 'n toekoms.*

**PARKIE SKOOLFONDS AANBIEDING**

# KOOP 'N NUWE VOLKSWAGEN. ONS BETAAL 'N PARK LAERSKOOL LEERDER SE SKOOLFONDS.

**PARK LAERSKOOL MOSSELBAAI**

PARK — VOLHARD • PERSEVERE

*Leer vandag. Lei môre.*

*Ondersteun 'n Parkie. Bou 'n helderder môre.*




Vir elke nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo of Golf 8.5 wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word tussen nou en **31 DESEMBER 2026**, sal Volkswagen Mosselbaai die skoolfonds betaal van 'n genomineerde leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is vir die volgende skooljaar.*

***Of dit nou jou eie kind, kleinkind, familielid of 'n ander Parkie-leerder is wat jy wil ondersteun, jou nuwe Volkswagen aankoop kan 'n werklike verskil maak.***

## MODELLE WAT IN AANMERKING KOM




## HOE DIT WERK

1. Koop 'n kwalifiserende nuwe Volkswagen by Volkswagen Mosselbaai voor 31 Desember 2026.
2. **Gebruik jou amptelike Parkie Skoolfonds Kode.**
3. Nomineer 'n leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is.
4. Dien die vereiste leerder- en skoolinligting in.
5. Volkswagen Mosselbaai betaal die genomineerde leerder se skoolfonds direk aan Park Laerskool in Januarie 2027.
6. Ons help bou aan 'n beter toekoms vir ons Parkie-leerders.

## VEREISTE INLIGTING

- Leerder se volle naam
- Huidige graad
- Graad vir 2027
- Skool se naam (Park Laerskool Mosselbaai)
- Ouers/voog se toestemming
- Leerder se gesinskode
- Skool se betalingsbesonderhede

## BELANGRIKE DATUMS

**PROMOSIEPERIODE**
Nou – 31 Desember 2026

**SKOOLFONDS WORD BETAAL AAN PARK LAERSKOOL MOSSELBAAI**
Januarie 2027

**PARKIE GESINSKODE**
Elke kwalifiserende transaksie het 'n unieke kode.
*Koop vandag, bou môre!*

**BESOEK VOLKSWAGEN MOSSELBAAI VANDAG**
en vra na die
**PARKIE SKOOLFONDS AANBIEDING.**

**ONDERSTEUN 'N PARKIE. BOU 'N HELDERDER TOEKOMS.**

*Slegs by Volkswagen Mosselbaai.*

*TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING.
Slegs van toepassing op kwalifiserende nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo en Golf 8.5 voertuie wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word.
Die genomineerde leerder moet tans by Park Laerskool Motselbaai ingeskryf wees. Die leerder moet goedenmme word voor voertuiglewering.
Die aanbieding sal direk aan die skool betaal word in Januarie 2027. Aanbod nie oordraagbaar of kontantuitbetaalbaar nie.
Volkswagen Mosselbaai behou die reg voor om alle leerder- en skoolinligting te verifieer, aanbod onderhewig aan beohues en goedkeuring.


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar